# BOODSKAP van die President



>> WILLIE DE JAGER

Dit is vir my 'n voorreg om terug te kyk op 2025 – 'n jaar van groei, prestasie en samewerking vir die Santa Gertrudis-ras.

Ons het sterk groei in bemarking gesien, asook uitstekende skouprestasies en suksesvolle veilings waar kopersvertroue duidelik toegeneem het. Daar was veral goeie aanvraag na vroulike diere die afgelope jaar, wat ook sterk pryse behaal het. Baie geluk aan Valley Venture wat die duurste bul (VV220183) gedurende 2025 op die Santa Select-veiling verkoop het. Hierdie bul is vir R320 000 aan Locklore Santa's (Koos Lock) verkoop. Die kwaliteit van diere wat op veilings en in die skouring verskyn het, bevestig dat telers ernstig is oor seleksie en voortdurende rasverbetering. Ons verhoogde sigbaarheid en bemarkingsinisiatiewe begin duidelik die kommersiële sektor bereik – 'n belangrike stap in die uitbreiding van ons mark en die vestiging van die ras se waarde.

Die vooruitgang wat gemaak word met ouerskapverifikasie, tesame met die ontwikkeling van genomiese tegnologie, bring ons in 'n nuwe era van groter akkuraatheid en verhoogde geloofwaardigheid in die mark. In hierdie verband wil ek veral ons telers bedank vir hul uitstekende deelname aan die BGP2-projek, wat 'n belangrike bydrae lewer tot die genomiese vooruitgang van die ras.

Verskeie skoue en uitstallings is gedurende die jaar bygewoon. Ek wil opreg dankie sê aan elke teler wat die ras daar verteenwoordig het. Julle deelname en toewyding speel 'n groot rol in die bemarking en bevordering van die Santa Gertrudis-ras. Elke dier wat in die ring verskyn en elke teler wat met trots sy diere vertoon, dra by tot die groei en sigbaarheid van ons ras. Die Genootskap is dankbaar teenoor elke teler wat hul diere beskikbaar gestel het vir opleiding en uitstallings.

'n Spesiale woord van dank aan Jan Bothma van Sombrero Santa's wat sy pragdiere by NAMPO en NAMPO Alfa uitgestal het. Baie geluk aan hom met die wen van die Interras-koei by NAMPO, asook die tweede plek vir die beste paar, saam met Santarific Santa's se bul, wat die tweede plek in die Interras-bulklas gewen het. Jan het ook ruimhartig sy plaas en diere beskikbaar gestel vir die inspekteursopleidingskursus – 'n bydrae wat opreg waardeer word.

Die opleidingskursus wat by Potchefstroom aangebied word, het intussen 'n jaarlikse instelling geword en bied waardevolle kennis en praktiese leiding aan landboustudente. Baie dankie aan elkeen wat hierby betrokke was en deelgeneem het. 'n Spesiale dank aan Koos Harding wat jaarliks sy plaas en diere beskikbaar stel vir hierdie kursus.

Die ras se uitstekende prestasies by die SA Stamboek- en Landbounavorsingsraad (LNR)-toekennings spreek vanself, van telers se deeglike bestuurspraktyke en hul toewyding aan akkurate data-opname. Hierdie erkenning bevestig dat die

ras op ’n professionele en wetenskaplik gegronde wyse bestuur en verbeter word.

Baie geluk aan die volgende telers:

- Jumardi Santa’s met bul FF220038 wat ‘n tweede plek behaal het by die SA Stamboek Bulgroeitoetsklas.
- Valley Venture met koei VV140100 wat die SA Stamboek Platinum-koei toekenning vir die ras ontvang het.
- Dial van Rensburg met die beste Elite-koei (DT170259) tydens die LNR-toekennings.
- Santarific Santa’s (Desmond en Timmy Robertson) met bul SS230166 wat die LNR Spesiale Prestasietoetsklas gewen het.

Ons is trots op hierdie prestasies.

Ons wil ook die kantoor gelukwens met hul derde plek by die SA Stamboek-toekennings vir die beste jaarverslag. Hierdie toekenning is besonder gesog, aangesien dit ’n algehele oorsig van ’n Genootskap se bedrywighede, finansiële bestuur, kommunikasie en administrasie vereis en teen meer as 60 ander rasse beoordeel word. Hierdie prestasie getuig van uitstekende administrasie en toewyding.

Tydens die SA Stamboek se Algemene Jaarvergadering van 2025 is verskeie telers vereer vir hul beste produserende kuddes en vir verskeie trofeë. Hierdie toekennings gee erkenning aan telers wat hul data akkuraat in die Logix-stelsel van SA Studbook aanteken. Punte word toegeken vir tydige en volledige metings, asook die effektiewe gebruik van hierdie inligting om bestuurspraktyke te verbeter en winsgewendheid te verhoog. Geluk aan elke teler wat erkenning ontvang het – hierdie prestasies is die resultaat van harde werk, deeglike rekordhouding en die toepassing van teelwaardes.

’n Hoogtepunt op die kalender was die afsluiting van die Santa Gertrudis Fase C- en D-groeitoetse op 21 Oktober 2025 by Santarific Santa’s se plaas. Hierdie projek lewer waardevolle prestasiedata en speel ’n belangrike rol in die verbetering van die ras. Baie geluk aan elke teler wat deelgeneem het – julle toewyding aan prestasieverbetering en data-opname word opreg waardeer.

Die data wat hieruit verkry is, vorm die basis vir verdere navorsing en ontwikkeling, en dit is besonders waardevol dat twee artikels reeds hieruit voortgespruit het en in hierdie joernaal gepubliseer is. Hierdie byeenkoms was werklik uitstaande, en opregte dank aan Desmond & Timmy Robertson en Gert Brits vir die moeite, kostes en reëlings wat hierdie dag so besonders gemaak het. Julle stel ’n voorbeeld vir die hele bedryf. Ons spreek ook ons opregte dank uit teenoor die borge wat hierdie projek ondersteun het. Sonder hul bydrae sou sulke inisiatiewe nie moontlik wees nie.

Op 29 Oktober 2025 het SA Stamboek ’n industrie-sosiale geleentheid aangebied – ’n informele netwerkgeleentheid tussen rasse. Baie dankie aan Santarific Santa’s vir die borg van die biefstukke en aan Breede Santa’s vir die uitstekende wyne, wat bygedra het tot die sukses van die aand en die bemarking van die ras.

Die ras was ook goed verteenwoordig by verskeie karkaskompetisies gedurende 2025 en het weereens bewys waarom Santa-beeste bekend is vir hul uitstekende karkasse van hoë gehalte.

Dit was egter ook ’n uitdagende jaar vir die landboubedryf, met die voortdurende bedreiging van Bek-en-klouseer op ons voorstoep. In hierdie verband wil ek my mede-raadslede bedank vir hul ondersteuning, samewerking en verantwoordelike leiding gedurende ’n moeilike tyd.

Laastens wil ek spesiaal hulde bring aan die Genootskap se kantoor – die twee dames wat met toewyding en harde werk die administrasie bestuur en verseker dat die Santa Gertrudis-ras sy regmatige plek tussen Suid-Afrika se beesrasse inneem. Julle professionaliteit en deursettingsvermoë word opreg waardeer.

’n Opregte dankie aan elke stoet- én kommersiële teler wat saam bou aan die toekoms van die ras. Julle toewyding, harde werk en geloof in die ras, is die dryfkrag agter ons sukses.

Die belangrikste dank gaan aan ons Hemelse Vader wat ons die geleentheid gee om met hierdie besondere ras te werk.

**Geniet julle Santas – saam skep ons groei, gehalte en geleenthede.**

